TOM NEWBY SCHOOL

KWARTAAL 2 TOETS

Vak	**Afrikaans**	**Eksaminatrise**	**Mev. M. Steyn**
Datum	**Junie 2022**	**Totale punte**	**60**
Graad	**7**	**Tydsduur**	**2 ure**
		Moderatrise	**Mev. L. Brits**

This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

Naam:	**Van:**	**Klas:**

Instruksies:



1. Hierdie vraestel bestaan uit:
   Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks (20 punte)
   Vraag 2: Visuele teks (10 punte)
   Vraag 3: Opsomming (10 punte)
   Vraag 4: Taalstrukture en konvensies (20 punte)
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Beantwoord al die vrae in volsinne tensy anders aangedui.
4. Neem kennis van die puntetoekenning per vraag.
5. Jy word nie toegelaat om ’n woordeboek tydens die toets te gebruik nie.
6. Lees jou vrae noukeurig deur en skryf jou antwoorde netjies neer.

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 1: LITERÊRE / NIE-LITERÊRE TEKS

Lees die kortverhaal en beantwoord die vrae wat volg.

Michael, die seun wat net mango's wou eet

deur M. Lätti, S. Gouws en C. Le Roux

Daar was eendag 'n seun wat in Mkuze gewoon het. Sy naam was Michael en hy wou net mango's eet. Hy het mango's geëet vir ontbyt, middagete en aandete!

Sy ma raak bekommerd en sê op 'n dag: "Michael, jy gaan nog in 'n mango verander as jy so baie mango's eet! Jy moet jou kos ook eet." Maar Michael luister nie.

Eendag, nadat Michael weer so baie mango's geëet het, word hy kleiner en ronder. Sy vel kry 'n oranje kleur. Hy verander sowaar in 'n mango.

Sy suster, Miriam, sien die mango en sê: "Ek's honger. Ek gaan 'n mango eet." Sy tel die mango op, maar hoor 'n bekende stem, "O, nee! Moenie dié mango eet nie, Miriam! Dis ek, jou broer, Michael."

Miriam is baie verbaas. Sy hardloop na haar ma toe, "Ma, arme Michael het in 'n mango verander! Kyk hier!" Hulle is so geskok, hulle weet nie wat om te doen nie.

Na 'n rukkie sê Michael se ma: "Wel, as Michael is 'n mango verander het omdat hy te veel mango's geëet het, sal hy miskien weer in 'n seun verander as hy glad nie mango's eet nie." Sy sit die mango op die tafel neer. Stadig begin dit verander. Die mango word groter en groter en langer en langer.

Die volgende dag is Michael weer 'n seun. Hy het NOOIT weer te veel mango's geëet nie. Nee, daarvoor het hy te groot geskrik! Van daardie dag af het hy gebalanseerd geëet – 'n bietjie van alles.

Aantal woorde:261

Bron: ASG EAT Graad 7

TOM NEWBY SCHO

Vrae:

Nadat jy die kortverhaal sorgvuldig deurgelees het, beantwoord die volgende vrae in volledige sinne. Onthou: Geen Engels.

1.1 Wat is die titel van die kortverhaal? (1)

_____

_____

1.2 Waar woon Michael? (1)

_____

1.3 Die drie karakters in die storie is _____, (3)

_____ en _____.

1.4 Omkring die korrekte antwoord. (1)

Wie raak bekommerd omdat Michael so baie mango's eet?

A) Michael B) Mkuze

C) Ma D) Miriam

1.5 Die volgende stelling is onwaar. Onderstreep die woord in die sin wat verkeerd is en skryf die regte woord neer. (1)

Nadat Michael weer so baie mango's geëet het, word hy kleiner en langer.

_____

1.6 Hoe het sy vel verander? (1)

_____

1.7 Hoekom wil Miriam die mango eet? (1)

_____

1.8 Hoe het die gesin gevoel omdat Michael in 'n mango verander het? (1)

_____

_____

1.9 Hoe het Michael weer in 'n seun verander? (1)

_____

TOM NEWBY SCHOOL

1.10 Pas Kolom B by Kolom A en skryf die korrekte antwoord in die onderstaande tabel neer. (3)

Kolom A - Karakters	**Kolom B - Dialoog**
1.10.1) Michael	A) “Ek’s honger. Ek gaan ’n mango eet.”
1.10.2) Miriam	B) “Michael, jy gaan nog in ’n mango verander as jy so baie mango’s eet!”
1.10.3) Ma	C) “O, nee! Moenie die mango eet nie, Miriam!”

1.10.1)	1.10.2)	1.10.3)

1.11 Omkring die korrekte antwoord. (1)

Aan die einde het Michael geleer dat hy nooit weer _____ mango’s moet eet nie.

A) te min B) te veel

C) te groot D) te klein

1.12 Watter les leer ons uit die storie? (1)

_____

_____

1.13 Is die volgende stelling ’n feit of ’n mening? (1)

Nadat Michael terug verander het, het hy ‘n bietjie van als geëet en nie meer net mango’s nie.

_____

1.14 Wie het die kortverhaal geskryf? (1)

_____

1.15 Hoe sal jy reageer as jou broer in ’n mango verander? (1)

_____

_____

1.16 Dink jy dit is nodig om gebalanseerd te eet? Motiveer jou antwoord. (1)

_____

_____

Totaal vraag 1: 20

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 2: VISUELE TEKS

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg:



Vrae:

2.1 Wat sien jy eerste in die advertensie raak? Dink visueel. (1)

_____

2.2 Wat is die naam van die produk wat geadverteer word? (1)

_____

2.3 Skryf van die bestanddele wat in die sop gebruik word neer. (1)

_____

2.4 Haal drie agtereenvolgende woorde in die advertensie aan wat sê dat ’n mens die sop baie vinnig kan maak. (1)

_____

2.5 Kies die regte antwoord. (1)
Die sop word in (koppies / bakkies) bedien.

2.6 Wat, dink jy, beteken die woord “heilsaamheid”? (1)

_____

2.7 Watter kleur staan vir jou in die advertensie uit? (1)

_____

2.8 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)

_____

2.9 Waarom word daar van verskillende skrif groottes gebruik gemaak? (1)

_____

2.10 Sal jy die produk wil koop? Motiveer jou antwoord. (1)

_____

_____

Totaal vraag 2: 10

Vraag 3: OPSOMMING

Instruksies:

- Lees die storie “Die LipLek-sjokolade” sorgvuldig deur.
- Onderstreep die hoofgedagtes in elke paragraaf.
- Gebruik die hoofgedagtes en som die inligting van die leesstuk op.
- Skryf net 7 sinne onder mekaar neer.
- Gebruik tussen 40 en 50 woorde vir jou opsomming.
- Dui die aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy moet ’n eerste weergawe en ’n finale weergawe skryf.

Die LipLek-sjokolade

’n Vrou koop op ’n dag vir haar ’n koppie koffie en ’n LipLek-sjokolade in ’n kafeteria.

Toe sy wil gaan sit, sien sy dat daar net een oop sitplek is: by ’n slordige jong man. Sy hare is lank en vuil, vasgebind in ’n poniestert.

TOM NEWBY SCHOOL

Teësinnig gaan die vrou daar sit. ’n Mannetjie met ’n poniestert kan sy maar eenmaal nie verdra nie.

Ingedagte tel sy die LipLek op en maak dit oop. Sy breek dit in twee stafies. Daarna breek sy een van die stafies in kleiner stukkies en sit een stukkie in haar mond.

Verbaas sien sy hoe die man die ander stukkie van die LipLek vat en eet. Sy besluit om te maak asof niks gebeur het nie en gaan voort om die orige stafie in twee te breek. En weer vat die jong man vir hom die oorblywende stukkie.

Vererg drink die vrou haar koffie. Sy staan op en gryp die worsrolletjie wat voor hom op die tafel lê. Sy vat ’n groot hap en sit dit weer neer, tel haar handsak op en stap vinnig by die kafeteria uit.

Op die bus vertel sy die storie vir die vrou wat langs haar sit, terwyl sy in haar handsak vir haar busgeld vroetel ... en daar lê haar eie LipLek wat sy in die kafeteria gekoop het nog steeds! Sy het al die tyd die jongman se LipLek geëet.

Aantal woorde:235

Bron: ASG EAT Graad 7

Eerste weergawe:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Aantal woorde: _____

TOM NEWBY SCHOOL

Finale weergawe:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Aantal woorde: _____

Totaal vraag 3: 10

Vraag 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Gebruik die kortverhaal 'Michael, die seun wat net mango's wou eet' om die vrae te beantwoord:

4.1 Skryf die volgende woorde in **alfabetiese volgorde** neer. (1)

mango, honger, eet, verbaas, tafel

_____

4.2 Verdeel die volgende woord in **lettergrepe** en dui aan of die lettergrepe **oop** of **geslote** is. (2)

verander _____

4.3 Kies die regte **spelling** van die woord tussen hakies. (1)

Sy ma het elke (dag / daag) vir hom gesê om nie soveel mango's te eet nie.

4.4 Skryf die volgende sin in die **tydvorm** neer wat aangedui word. (2)

Michael se suster is bekommerd.

Verlede tyd:

_____

Toekomstige tyd:

_____

TOM NEWBY SCHOOL

4.5 Gee ’n **antoniem** en ’n **sinoniem** vir die volgende: *te veel* (2)

Antoniem: _____

Sinoniem: _____

4.6 Word die volgende sin **letterlik of figuurlik** gebruik? (1)

Michael het in ’n mango verander. _____

4.7 Vul die **infinitief** (om ... te) op die regte plek tussen hakies in. (1)

Michael hou daarvan (mango’s eet).

_____

4.8 Kies die korrekte **voornaamwoord** vir die volgende sin. (1)

Michael het _____ les geleer.

A) haar B) hy

C) sy D) hom

4.9 Wat is die **onderwerp, gesegde en voorwerp** in die volgende sin: (3)

Sy suster, Miriam roep hulle ma.

Onderwerp: _____

Gesegde: _____

Voorwerp: _____

4.10 Skryf die **meervoud** van die volgende woord neer. (1)

kortverhaal: _____

4.11 Kies die korrekte **homofoon** tussen hakies. (1)

Miriam gaan (haal / hael) vir haar ’n mango.

4.12 Skryf die sin in die **indirekte rede**. (1)

Michael se ma sê: “Michael, jy gaan in ’n mango verander.”

_____

_____

4.13 Skryf die sin oor en vul die korrekte **leestekens en hoofletters** in. (2)

miriam wat het van michael geword

_____

4.14 Skryf ’n **uitroepsin** uit die storie neer. (1)

_____

Totaal vraag 4: 20

Groottotaal: 60

TOM NEWBY SCHOOL

Graad 7 Arikaans Addisioneel Junie Toets 2022

Prestasie evaluering

(Vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: _____ Klas: 7 ___

	Vraag 1	Vraag 2	Vraag 3
Moontlike punt	**20**	**10**	**10**
Leerder punt			

Vraag 4

	4.1	4.2	4.3	4.4	4.5	4.6	4.7
Moontlike punt	1	2	1	2	2	1	1
Leerder punt							
	4.8	**4.9**	**4.10**	**4.11**	**4.12**	**4.13**	**4.14**
Moontlike punt	1	3	1	1	1	2	1
Leerder punt							

TOM NEWBY SCHOOL